10 VAN DIE BESTES

Die jaarlikse Design Indaba Expo in Kaapstad het soos altyd van die skerpste ontwerpe in die land opgelewer. Hier is ons gunstelinge

HOUTVASE

Wat Houtvase deur T.W.A.K (Trees with a Conscience).

Ons kies dit want T.W.A.K gebruik afvalhout van saagmeulens en boomstompe wat ná brande herwin is. Werkloses in Mosambiek word deur die maatskappy in diens geneem en opgelei.

Prys Vaas van hardekoolhout R890, vaas van wildemangohout R1 990.

Navrae 079-503-0151, biancablack@vodamail.co.za, www.twakwood.co.za.

HOUTLIGTE

Wat Ligte in allerhande vorms.

Ons kies dit want David Krynauw gaan haal sy hout by mense wat borne in hul tuin afkap. Hy het ook 'n volhoubare bos en eie saagmeule.

Prys Tussen R400 en R900 per lig. Trosligte R3 500.

Navrae 084-626-3807, david@davidkrynauw.com, www.davidkrynauw.com.

AFRIKA-STOEL

Wat Zembacha se leerstoel deur George Kockott van Driftwood Studios.

Ons kies dit want dit word gemaak van ou heiningpale. En die vorm is iets besonders.

Prys R22 000.

Navrae 043-737-7731, georgekockott@mweb.co.za, driftwoodstudios.co.za.

NOSTALGIESE LIGTE

Wat Gehekelde lampskerms.

Ons kies dit want dit laat ons na ons oumas verlang. Hekel is een van die min soorte handwerk wat nie deur 'n masjien gedoen kan word nie.

Prys R700 tot R1 300.

Navrae 082-929-4021, dani@artmakedesign.com, www.artmakedesign.com.

Weggooigoed word bruikbare mooigoed in die hande van ontwerpers



MOOI BAK

Wat Contour-bak deur Snapp Design.

Ons kies dit want die lelike proses van erosie was die inspirasie vir dié vertoonstuk. Dit word gemaak uit nie-poreuse materiaal.

Prys R2 900.

Navrae 011-450-2770, info@snappdesign.com, www.snappdesign.com.